



Julie 2016

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

Nuusbrief – Maart 2016:

Ek het alweer getrek :-) - dit was sommer net lekker want Gime, Sok en sy kind Votha, Saran en Theary het kom help. Ons het so tussendeur lekker saam gekuier.

Nuwe blyplek lekker en baie nader aan kantoor - enigste uitdaging is dat die gebou nog nie klaar gebou is nie en die kappery en borery my soms teen die mure wil laat uitklim.

Saran en Theary se dogtertjie word DV begin Mei gebore - hulle twee is so cute, ongelooflik teer teenoor mekaar. Ek is dankbaar alles het so mooi vir hulle uitgewerk het. Hy is voltyds by YWAM en hulle finansies is maar knap daarom soek

hy werk vir aande - bid asb dat hy iets sal kry.

Nary se egskeiding nog nie afgehandel nie. Hulle jongste kind Davan kry die swaarste en ervaar sat sy pa hom verwerp het. Bid asb vir die situasie.

Ratanak Kambodja - Nuwe bediening

Ek het by die skool bedank - die tyd wat ek verlede jaar as volunteeer by die skool gewerk het vir my 'n vals-beeld en ervaring gegee dat dit is waar ek moet wees. Ek het meer en meer begin ervaar dat die bediening regtig nie is wat God se roeping vir my is nie.

Het regtig by God gesit en gevra wat Sy wil is - die vraag wat ook in my hart

opgekom het was of dit tyd is om terug te keer na SA, ek het 'n e-pos aan Ratanak gestuur en te vra of hulle nie verpleegkundige nodig het nie - ek ken hulle bediening en dit is meer waar my hart is en waarvoor ek glo God my geroep het. - ek ken die founder van AOC se tyd af. Antwoord het feitlik onmiddelik terug gekom dat hulle nou net daarvoor gepraat het dat hulle 'n mediese been in organisasie wil begin. Ons het onderhoud gehad, verkeie redes het ons oortuig dat dit God se tydsberekening was en dinge het vinnig gebeur.

Nou is ek in 'n bediening wat feitlik totaal Khmer is - ook die leierskap. Die bediening se fokus is om vrouens wat van slawerny/human trafficking gered is te help deur berading en voorbereiding om weer in samelewing in Kambodja te kan funksioneer. Die vroue word onder andere gehelp om skool klaar te maak, om as kokke opgelei te word ens in 'n transitional huis voordat die finale integrasie proses plaasvind. Kyk asb na die website wat baie inligting gee <http://ratanak.org/>

Nuusbrief – 27 Junie 2016:

Die Here gee vir ons elkeen seisoene om binne te lewe, binne dit bly God altyd dieselfde al wissel ons belewenis gedurende die tye. Daar is verskillende tye (seisoene) in ons lewens - soms sing ons daarvoor, ons bid daarvoor, ons gesels daarvoor en deel met ander wat saam ons stap omdat ons saam 'n eenheid in Sy koninkryk vorm en Sy naam wil verheerlik

en Sy wil duidelik wil hoor in ons soeke van wat reg is

Baie van julle stap al jare saam met my die pad - kan julle glo ... 6jr voorberei voordat ek Kambodja toe kon gaan en Januarie sal dit 21jr wees.

Voorbereiding om te gaan amper 27jr gelede

Eerste fase

Nadat ek begin deel het dat ek Kambodja toe gaan het mense soms spottenderwys gevra of ek nog gaan en ek het net gesê 'Ja ek gaan nog' - hulle het gedink ek gaan nie omdat ek vir God gevra het dat my kinders asb net eers skool klaarmaak en onafhanklik funksioneer voordat ek gaan .. voorbereiding was 6jr. Lank

As verpleeg student (36jr oud) was die challenges en seeninge baie - God was erg naby en het my gehelp om deur te druk. Ek het met my hele hart geglo dat Hy my geroep het en 'n plan vir my lewe het en het voort geloop met die sekerheid in my hart. Die studente salaris as enkel ouer het my lewe gechallenge, daar was nie altyd behoorlik kos in my huis nie - mense wat met straatkinders werk het af en toe oorskot kool koppe etc gebring na iemand anders wie dan weer met my gedeel het. Ek het geleer dat as mens net 'n sakkie lemoene of 'n klein pakkie meliemeel vir die week is dit genoeg. Wanneer ek wou opgee was Hy daar en het my op baie maniere en op baie verskillende vlakke van my funksionering as mens en as Sy kind gedra.

Tweede fase

Ek moes alles opgee in SA (my w/s, my werk, al my aardse besittings, my alles wat vir my security gegee het). Ek moes my kinders wat die belangrikste mense in my lewe was/is en my land agterlaat, ek moes gaan na 'n land waar ek die enigste SAër was waar niemand my taal kon verstaan of praat nie en ek nie hulle tale nie... Ek het met leë hande en gestroop van my comfort zones voor God gestaan en vertrou dat Hy sal voorsien; al wat Hy van my gevra het was gehoorsaamheid en Hy het voorsien in al my behoeftes.

Dit was glad nie maklik nie maar ek het geglo dit is wat God gevra het en dat dit die droom was wat Hy en ek saam oor gepraat en gedeel het toe ek 12jaar oud was en ons dikwels saam gesels het terwyl ek op my bed in Kroonstad gesit het - al het my lewe baie ander paaie geloop het die droom vas gestaan.

Vandag staan ek in verwondering en beseef dat ek as mens nie die stap alleen sou kon neem nie (vrees en onsekerheid vir wat voorgelê het, die omgee vir my kinders sou my my lam gelê het) , dit was slegs deur God se liefde en genade wat ek dit kon doen.

Jare in Kambodja

Ek sal dit nooit verruil vir niks in die wêreld nie - God het in my menswees ingebou en my as Sy instrument gebruik - wat 'n voorreg. Ek het Hom leer ken op 'n baie dieper vlak - ek het nooit regtig 'n pa gehad wat vir my as mens omgee het nie, Hy het my Vader en versorger geword. Hy het heelmaking gebring en

my hand vas gehou, Hy het homself en Sy liefde openbaar op 'n vlak wat ek nooit sou kon ervaar het as ek nie gehoorsaam was nie

Daar was iemand wat lank gelede vir my minagend gesê het - 'Jy en jou God' en weg geloop het van my. Dit het my menswees en my toekomspad geruk en dit in 'n ander rigting gestuur het..... na die pad wat God in Kambodja voorberei het

Eerste jare

AOC was goed en ek glo dat meeste challenges was cross cultural misverstande met die New Zealanders. Ek kon daar dien vir amper 9jr tot ek ervaar het waarvoor God my geroep het was afgehandel.

Die afgelope pr jr in Kh was moeilik....

Veritas Ek het te lank aangebly en dit het nie so lekker geeindig nie - tog het God deur Sy genade gehelp dat die 10jr wat ek daar was en dit gepioneer en geëstablis het nie verlore is nie - die manne help nog steeds dat die Khmer groei en beter geanker word in God se Woord, hulle dien nog steeds die Khmer dmv die Veritas materiaal; hulle leer hulle hoe om die Woord met verantwoordelikheid te lees en te hanteer. Daar is vrug en alles was nie verniet en na die wind gestrooi nie - God het jou en my gebruik in die bediening en daardeur Sy koningryk uitgebou.

Ek is ook ongelooflik trots op Saran wat so sterk geword het in die 8jr wat ons

saam gedien het dat hy heel anderkant kon uitkom, sy vrou na Christus gelei het en besig is om naam te maak in YWAM as mens en as kind van God.

Die laaste jare in Veritas nadat ek dit begin oorgee het aan die manne was dit ongelooflik eensaam in die kantoor, dit het my emosioneel van balans af gegooi en ek het gevoel ek gaan crack, angs aanvalle en allerhande emosies wou my neertrek in 'n donker gat, ek was soos 'n drenkeling wat met alle mag aan God vasgehou het. Ek dank God dat Hy my nog altyd gehelp het om te herken en erken wanneer ek berading nodig het en ek het aanhou soek totdat iemand my gehoor en gehelp het. Deur God se genade kon ek weer my balans terug kry, aksie neem en betrokke raak by ander bedieninge.

Geen oorgangstyd om voor te berei vir volgende bediening nie ..hoekom?

Ek het gevrees dat julle as gemeentes en ondersteuners my nie sal vertrou as ek sê my tyd in Kambodja is nie verby nie as ek nie onmiddelik na volgende bediening oor geskuif het nie. Sleg is dat ek nie op my God vertrou het nie. Julle ontrekking van my af het ek meer gevrees as wat ek God vertrou het.

Mense wat nie die volle prentjie ken nie kan van buite af besluite neem ander se bediening en roeping beïnvloed. Ek moet vir God om vergiffenis vra dat ek julle meer gevrees het as wat ek in Hom vertrou het

AHIS SKOOL het oor my pad gekom en die feit dat ek nie meer alleen was nie het die behoefte van meer interaksie met mense vervul. Die feit dat ek as volunteer kon funksioneer sonder dat dit Veritas en die oumas en ander bedienings beïnvloed het nie was vir my 'n ongelooflike seën en ek het ervaar ek is weer waar God my wil hê - tussen mense en die Khmer. Tydens die fase het ek weer begin heel word en my balans terug gekry.

Ek wou nooit voltyds by die skool betrokke raak nie maar toe die leierskap die kontrak voor my neerlê het ek dit geteken sonder 'n woord. Agterna het ek sonder sukses gevra vir minder ure werksdag. Ook het die leier my geken as leier in vorige bedienings en wou nie glo dat ek nie weer in leierskap wou staan nie - dit was regtig moeilik. Voor ek God gevra wat sy plan vir my in die situasie was was daar 'n paar maande van gemaklik wees in die skool. Op my motorfiets op pad na berader het ek besef die skool is nie die regte fit vir my nie, ja God het nog 'n plan vir my in Kambodja maar dit is nie die skool nie... die berader en ek kon saam praat oor die waarde wat ek as langtermeïn (committed en liefde vir die Khmer, taalvaardighede etc) sendeling nog steeds in Kambodja het veral in my kapasiteit as berader wat daardeur en God se genade heling aan die Khmer kon bring - my studies in pastoral counseling sal binnekort afgehandel word.

RAP/Ratanak Ek het toe by God gaan sit en Hom gesmeek om vir my te wys of ek nou terug moet keer na SA en of ek verblind is agv my liefde vir Kambodja en

haar mense. RAP het oor my pad gekom en die leiers en ek het ervaar dit is waar God my nou wil gebruik en in die kort rukkie daar het ek al ervaar dat Hy my gebruik - iemand anders het my gewys op dit wat God deur my gedoen het in die kort rukkie wat ek daar is. My bedienings rol is medies maar die mees belangrikste is dat ek ervaar dat dit meer gaan om Sy liefde, aanvaarding en genade in 'n plek van gebrokenheid aan ander te wys en deur te gee.

SA besoeke hoe verlang ek nie daarna om te kom rus en ondersteuning te kry nie - eintlik het ek meer vreugde en ondersteuning en rus in Kambodja as hier in SA.

Die keer - ek het vooraf gevra ek is moeg, het die afgelope 14 maande 2 keer van bediening verander en getrek. Ek het gevra om die keer nie by gemeentes betrokke te wees nie omdat ek wil rus en herlaai

My eerste week in SA Ek land hier in die middel van mense vir wie ek ongelooflike lief is se stryd en groei tot heelmaking ek huil my heel eerste week en stuur nog onder dit toe

My 2de week in SA Maandag aand vergadering waarin ek ervaar ek word meegedeel dat my bediening in Kambodja/ ek as sendeling is vir die gemeente op die cutting bord as die wisselkoers weer sleg is ... tog sukkel ek om te verstaan hoekom rande ipv US\$ nie eerder gegee kan word nie... ek weet nie maar dit is okay ek hoor en geen

ondersteuning is my reg nie maar 'n genade gawe...

Woensdag oggend vergadering ek sukkel nog om te herstel na vorige week se situasies en Maandagaand se mededeling toe kom die ander gemeente sonder enige waarskuwing of gesprek met my en sê my terugkoms is beplan... ek het ervaar dat ek insette mag lewer maar dat die besluit namens my geneem is

Los vrae in my hart wat vanaf orals oorsprong het....

Ek vra dat julle wat die pad saam my geloop het - kort of lang tyd - nog die laaste fase van my bediening sal saamloop.as dit vir jou/julle in God se wil is

- Om eerlik te deel hoe julle voel die proses moet verloop, of ek nou alles moet kortsny en terug kom
- Sodat die samesprekings so gou as moontlik afgehandel kan word - ek het rus nodig die besoeke aan SA mergel my gees en menswees uit
- Bid asb vir my en die gemeente wat voel ek moet nou terug kom - dat ons mekaar hoor en ook as julle ervaar dat dit nou tyd is om terug te kom SA toe.of saam my glo die proses het begin maar dit is 'n proses
- Dat indien ek ander seer maak en goed bedoelde bedoelinge in die proses nie verstaan nie, God dit vir my sal uitwys sodat ek vergiffenis kan vra
- Bid saam bowenal dat bo alles God se wil sal geskied

Nuusbrief – 30 Junie 2016:

My terugkeer na SA

Die gemeente is reg en in lyn met wat ek ervaar die tyd om terug te keer kom nader. Ek het nooit regtig ervaar dat God my vir altyd na Kambodja geroep het nie – ek het ervaar dit sal vir 'n seisoen wees

Ek ervaar dat die proses van emosionele voorbereiding van los making en vir terugkeer begin het ...

- Dit is waar dat ek die genade ontvang het dat dit 'n proses is. 'n Bewustheid het in my gees ontstaan dat die rou proses van afskeid begin het.

- Wanneer terugkom? Presiese datum weet ek nie en kan nie nou sê nie; dit kan kort of langer wees maar minder as 2jr

- o Ek dink ons het soort van beplan dat die situasie deurentyd geevalueer sal word totdat ek finaal terugkom

- Ek is huidig in 'n bediening waarvoor ek en ander glo dat God my geroep het

- Ek ervaar dat dit my laaste bediening in Kambodja sal wees

- Daar is baie 'los' drade wat gehanteer moet word

Wil ek terugkom? Ja ...

- Ek het al dikwels met 'jaloesie' na julle gekyk oor al die dinge wat in SA gebeur – ek as 'vreemdeling' in die land is opgewonde oor wat hier gebeur

- Ek sien uit daarna om die radio te kan aansit en na Christen musiek en

stasies te luister, om tydskrifte te kan deurkyk ...

- Ek sien uit daarna om paasfees te kan vier

- Ek sien daarna uit om by julle te kan kuier

- Ek sou ook graag die wonder van ouma wees vir al 3 my kleinkinders wil ervaar

- Ek verlang al seker 15jaar daarna om 'n sagte stoel te hê en nie altyd op die vloer of hout te sit nie ... Steve en Margareth het gesê hulle betaal my stoel ... gevaarlik hulle het nie prys beperking gegee ;-)

- ens ens

Ek hoop dat julle ook die laaste fase saam met my sal loop – Januarie 2017 sal dit 21jaar gelede wees wat ek na Kambodja gegaan het.

Bid asb saam – dit gaan nie vir my maklik wees nie. Ek is bang, onseker, feel threatened, hartseer. Ek moet vanaf Asia terugkeer na 'n Westerse lewenstyl wat hemelsbreed verskil van mekaar.

Bid asb dat ek en die gemeentes mekaar hoor, saam te loop en dat God ons asseblief sal help om binne Sy wil te funksioneer. Ek hoor ook graag van jou in die proses

Sommer net dankie vir wie jy is en dat jy nog altyd daar was

Nuusbrief Mei 2016

Ek weet nie of julle die fliek « Three Funerals and a wedding » (1994) met Hugh Grant gesien het nie, maar sedert Februarie het ek iets soortgelyk beleef: three funerals, a confession of faith and a baptism ! Ek hoop egter dat die begrafnisse vir die jaar op 'n einde gekom het, maar dit is nie so seker nie.

Sondag 3 April het Lucas (16jr) belydenis van geloof afgelê. Vir hom en sy ouers was dit 'n besondere geleentheid. Alhoewel hy in 'n Christelike huis grootgeword het (sy ouers was 'n ruk sendelinge in Turkye en sy Pa is tans prof in Nuwe Testament by die Teologiese Fakulteit), is die vraag maar altyd hoe die kind(ers) op die Christelike opvoeding en teenoor die Christelike geloof gaan reageer.

Saterdag 9 April het ons my 50ste (half-eeu!) verjaarsdag gevier. Ons het 'n goeie groepie vriende daar gehad, ao Pat Berning, sy vrou en die gesin by wie ek vir 18mde gebly het toe ek na Frankryk toe gekom het. Ongelukkig kon/het net 2 persone vd driekampklub gekom. Altesaam was daar 42 mense—die 1ste keer, en miskien die laaste keer wat ons soveel mense sal uitnoui –behalwe vir die eeufees ... !

Sondag 10 April het die sanger en kunstenaar Pat Berning die sang tydens d erediens gelei. Hy's 'n Suid-afrikaner wat nou al +- 30jr in Frankryk is en het 'n kuns- en sangbediening.

Sondag 24 April het ons die kleine Tobias gedoop. Hy's d eersteling v 'n paartjie v Madagaskar (ons het al hoe meer mense v Madagaskar wat by ons gemeente inskakel en hulle is gewoonlik goeie musikante!).

6-8 Mei het ons ons Algemene Sinode gehad en terselftertyd 'n Na-sionale « Konvensie ». Die tema was « 'n Stap vorentoe ».

Ons het einde April die 15 000 Lukasevangelies, kindermateriaal en bekendstellingsbriewe vir ons verspreiding daarvan volgende maande ontvang : 22 Junie tot 3 Julie. Tydens hierdie geleentheid is daar 9 studente van Portchefstroom wat kom help met hierdie projek.

Ons sal Maandag besluit of ons met die Bybeluitstalling gedurende dieselfde tydperk gaan voortgaan. Daar is 'n probleem om 'n geskikte saal vir die uitstalling te kry en die kostes om die uitstalling te gaan haal en terug te vat beloop 1200 €.

Ons wag nog in spanning vir die aansoek vir 'n saal vir 'n Gospelkonsert Saterdag 2 Julie. Bid asb. Hiervoor.

E-pos 4Julie 2016

Vanoggend het d 9 Pukstudente (6 vroue en 3 mans) terug RSA toe vertrek: eers met 'n trein vanaf Marseille tot in Milaan en môre aand vanaf Milaan tot in RSA. Hulle het 10 dae gebly en in 4 en 'n half dae 15000 Evangelies- en Christelike literatuur in Berre - Rognac - Velaux - Coudoux - La Fare - Ventabren (sien aangehegde kaart) versprei. Met 'n horlosie wat jou "steps" tel, het sekeres meer as 90km geloop in hierd tyd. Hulle het ook 'n geleentheid gehad om 'n bietjie toerisme te doen: Marseille, Aix-en-Provence, Huguenotemuseum, Toring v Constance, en d see besoek.

Saterdagmiddag het ons 'n Gospelkonsert gehad wat deur sowat 60 mense v buite

bygewoon is – o.a. die onder-burgermeester v 'n naburige dorp (Rognac).

Dit was 'n baie geseënde tyd om hulle hier te hê en dit het baie vir d gemeente beteken. Ons almal moet nou aanhou bid vir vrug op hierdie verspreiding. Net voor hulle koms het ons ook 'n spesiale bidgeleentheid vir d projek gehad. Hulle is goed bederf deur d gemeentelede met d etes. Ek kon darem in gedurende hierdie 10 dae my 160werksure maak - nou 'n bietjie moeg !😊

Môre-aand 5 Julie het ons 'n beplanningsvergadering vir 2016-2017 en Donderdag het ek 'n belangrike predikantebegeleidingsvergadering in Nîmes.

MOSAMBIEKSENDING

Uittreksel uit Allen an Ansie se laaste nuusbrieff: “Ons het nou al 'n geruime tydjie begin bid dat die Here vir ons 'n pad moet wys rondom ons toekoms. Allen wat

so baie sukkel met Malaria op 'n ouderdom van 63 het net sy tol begin eis.

Ons het ook intussen begin rondkyk vir geleenthede waar ons steeds in sending

kan betrokke bly, maar in Suid Afrika, weg van Malaria.

Daar het 'n plek op ons hart kom lê naby Ramsgate waar ons onder Crusade for Christ kan inskuif (nie Campus Crusade nie) en saam met hulle werk.

Na ons besoek daar by CfC en die Woord wat die Here reeds vir ons gegee het voel ons rustig in ons harte dat dit wel daar is waar Hy ons kan en wil gebruik.

Ons voel die Here neem ons in 'n nuwe fase en is baie opgewonde daaroor.

In 'n neutedop is die volgende waarmee ons besig sal wees:

Ons gaan as 'n span werk in 'n groep saam met twee ander gesinne waar Allen hoofsaaklik betrokke sal wees by Evangeliesasie werk dissipelskap en Bybelskool en ek, Ansie, in CFC se kantoor, maar ook betrokke by fasaliteering van uitreikspanne en die terrein.

NUWE SENDELINGE IN
MO\$AMBIEK: ANDRIE\$ en \$UNETTE
\$CHWARTZ (wat voortaan deur Rietfontein-Suid in die plek van Allen en Ansie uit die Geloofsoffers ondersteun gaan word)

Hier is 'n bietjie agtergrond oor hulle soos Andries dit aan die Sendingspan deurgegee het:

Nadat ek my teologiese studies voltooi het, is ons deur Stellenbosch Moedergemeente beroep en uitgestuur om met 'n evangeliese kerk in Zambesiaprovincie hande te vat. Dit was teen die einde van die burgeroorlog en die kerkleiers van die spesifieke kerk - Igreja Evangelica de Cristo - het destyds meestal geen opleiding gehad nie. Ek het dus op die opleiding van die plaaslike kerkleiers gefokus. Ons het vir vier jaar daar gewerk. Intussen is die vrede onderteken en was vryer beweging in die land moontlik. Ons het hierna toe vir 9 jaar in die Niassa provinsie onder 'n moslem-groep gewerk onder die vaandel van die 'Igreja Reformada'.

Toe ons kinders die ouderdom bereik dat hulle hoërskool toe moes gaan, is ons terug Suid-Afrika toe, maar ons het die skuif nie as permanent gesien nie. Beide ek en Sunette (my vrou) was toe vir 11jaar lede van PEN in Pretoria-middestad. Met ons jongste uit die huis kon ons **weer terug na Mo\$ambiek**.

Om praktiese redes het ons besluit om eerder aan 'n sending organisasie as die plaaslike kerk gekoppel te wees. Ons het dus by World Outreach aangesluit en wil graag kerkplanting onder hierdie onbereikte groepe doen en **voel geroepe na die Noord-Ooste van Mo\$ambiek**. Hier is veral drie groepe wat ons na aan die hart lê. Die Mwanis -

98%+ Islam; die Makwes - 98%+ Islam; en die Makondes wat 'n vermenging tussen animiste, moslem en katoliek is met 'n bietjie groter persentasie christene. Ons is vir die volgende twee jaar aan Radio Nuru gekoppel wat programme in Kimwani uitsaai. Ons fokus is om die Woord aan hulle bekend te maak.

Wat ons ondersteuning betref is daar nog tekorte op meeste terreine. Nadat ek verlede jaar Maart die Pretoria gegroet het, het ons by Kerk Sonder Mure ingeskakel. Hulle hou kontak met ons, maar is nog nie op enige manier ofisieel betrokke by ons nie. Hulle wil 'n verhoudingspad met ons stap en daar is mense wat voorbidding doen. Witbank Suid gemeente ondersteun ons ook deur gebed en finansies. Eldoraigne gemeente ondersteun ons ook deur gebed en doen 'n maandelikse pensioenbetaling. Die grootste deel van ons ondersteuning is deur vriende en beleggings wat ons gedoen het nadat ons ons huis verkoop het. Ons is ook deel van die Revuma vennootskap in die Kaap.

Die grootste behoefte wat ons ervaar is om aan 'n gemeente gekoppel te wees - met 'n stuurspan wat saam ons verantwoordelikheid neem vir die werk. Die stuurspanlede hoef nie net uit een spesifieke gemeente te kom nie. Daar is ook nog tekorte op ons finansiële gebied.

Seënwense
Andries en Sunette

Schwartz Nuubrief – Maart 2016

Al woon ons op 'n wonderlike rustige terrein, is die lewe hier ook maar besig en bly ons op 'n drafstap.

Paasfees en Pinkster

Die Bybelse feestye wat soveel kosbaarhede oor ons God te sê het, is wonderlike geleenthede om die Goeie Nuus aan ander te bring.

In ons vorige nuusbrieff het ons vertel van die Paasprogram wat ons besig was om voor te berei. Al het die naweek se programme met 'n slaggat of twee begin, was dit 'n baie geseende tyd. In plaas van die gewone inbelprogram het die omroepers vooraf voorbereide gesprekke met mekaar gevoer oor Paasfees en mense kon kommentaar of vrae sms.

Die kommentaar en vrae was meestal positief, met tog „n paar ‘moeilike’ opmerkings. 'n Luisteraar wou weet of Jesus se vergifnis van sonde net vir daardie tyd was en of Hy vandag nog sonde kan vergewe. Dankie aan elkeen wat hiervoor gebid het.

Ook vir Pinkstertyd het Andries drie spesiale programme opgestel en die twee omroepers, Venancio en Vicente het dit opgeneem en 'opgedollie' met toepaslike musiek.

Daar is baie oënskynlike brûe tussen Islam en Christus. Tog is die inhoud van

sekere 'gedeelde' waardes ligjare van mekaar verwyder. Dit vorm dan eerder skeidsmure. Die bekende is egter altyd 'n goeie brug om die luisteraar se aandag te trek. Die bekende word dan die brug na iemand se "oor". Aan die ander kant kan skeidsmure dus ook afgebreek word en die stene gebruik word om juis sulke brûe te bou.

Op die oomblik werk Andries aan 'n reeks wat oor die begrip 'sonde' handel. Dit is iets waaroor baie mense hier teenstrydige en verwarrende idees het, en ons wil graag dit wat die Bybel oor sonde te sê het aan luisteraars bekendstel op 'n baie sensitiewe manier.

Ons word baie gereeld daaraan herhinder dat hierdie alles "geestelike" werk is en dat ons daarom so afhanklik van Gods se werk is.

Iemand se Whats App profiel het „n pragtige vertaling van Ps 116:2 vertoon. Dit bly ons by: "Because He bends down to listen I will pray as long as I have breath". Ons het ons Almagtige Vader die afgelope maande dikwels sien neer-buig en soms het Hy net sy vinger op „n situasie gelê wat in „n kort tyd omgekeer is. Dankie vir julle wat saam met ons bid.

Elke-dag-se-programme

Behalwe die spesiale feesprogramme gaan ons ook nog voort met die elke-dag-se-programme maak. Dit gaan stadiger as wat 'n mens graag sou wou he en die Afrika-kultuur is ook 'n faktor om mee rekening te hou. Dis glad nie

vreemd om t.s.v. vooraf reelings by 'n plek aan te kom en niemand behalwe die koördineerder weet van die opname nie.

Wat die opneem van die Bybelstories aanbetref is Joshua en Rigters voltooi en Rut is byna klaar.

'n Klompie 'Let's talk English'-dialoë met Portugese verduidelikings is ook vir die jonger geslag luisteraars opgeneem. Elkeen wat kan, of byna kan Engels praat word hiervoor nader gehark – mede-sendelinge, Peace Cor werkers, besoekers en gr 12 leerlinge van die hoërskool langsaan. Die aksente wissel natuurlik net soveel soos die sprekers.

Bybels

Gedurende April het die internasionale direkteur en die plaaslike provinsiale Gideons-man ons kom besoek met die doel om nuwe takke in die provinsie te open. Met 'n paar manne van die klein kerkies in die omgewing is 'n tak gestig en Bybels is aan hospitaalpersoneel, by die polisie en gevangenis sowel as die hoërskool uitgedeel. Ongelukkig wou die hoërskool nie toelaat dat Bybels in die skoolterrein uitgedeel word nie, en moes ons maar die taak voor die skoolhek aanpak. Van die onderwysers het vertel hoe opgewonde die kinders die dag rondom hulle Bybels saamgedrom het.

Andries gee gereeld aan van die skoolkinders saamrygeleenthede tot in die dorp as hy soontoe op pad is. 'n Paar dae nadat die Bybels uitgedeel is vra 'n

Moslem meisie hom of sy dan ook die Bybel moet lees. Hy kon met vrymoedigheid vra "Wel, wat se jou profeet? - Het hy nie self opdrag gegee dat die Injil gelees moet word nie? Bid asb dat die saad wat op hierdie manier gesaai is sal vrug dra.

Die Nuwe Testament en 'n paar Ou Testamentiese boeke is in Kimwani vertaal, en die geboue op die terrein van Radio Nuru is 'n veilige plek waar bokse Bybels bewaar kan word. Dit is egter lekker as daar 'n groepie mense gereed en gewillig is om die Bybel te ontvang en te lees. So is daar onlangs van die Bybels na 'n groepie mense in die Quisanga distrik geneem waar daar op die oomblik die grootste groep Mwani gelowiges is (so +-40 mense).

Vuur

Baie van julle het reeds gehoor van die brand in die studio van Radio Nuru. Dit bly egter 'n voorreg om die wonderwerk te deel. 'n Waaier het die brand veroorsaak, waarskynlik in die nag. Toe Sunette die vlg middag 13h00 die studio oopsluit, was die "klank-absorberende" duvets en matte op die vloer, sowel as die waaier tot 'n harde swart laag verbrand. Geen van die houtmeubels waarop baie van die radio toerusting gemonteer is of die grasmatte teen die muur het vlam gevat nie, al het die duvets tot teenaan dit gele. Een van die kables dra die letsel van 'n bietjie te warm kry, maar die uitsending kon 14h30 soos gewoonlik voortgaan, en die Mwani Bybels in die vertrek langsaan was veilig.

Vier van ons het 'n dag lank geskrop om die roet te verwyder en vir weke het die brandreuk nog in die studio gehang – 'n herinnering aan God se getrouheid.

Retreat

Gedurende die einde van Mei het World Outreach 'n "retreat" vir al die sendelinge wat by dié organisasie geaffilieer is in Nacala aangebied. Dit was heerlik om met ander wat baie van dieselfde vreugdes en uitdagings as jy beleef te kuier, saam te bid en mekaar te bemoedig.

Ibo-Quionga en terug

Kort na die retreat het Andries en Theo Schumann met twee kano's vanaf Ibo eiland tot by Quionga geseil. Die 250+ km is in 4 dae afgelê. Dit was 'n onbeskryflike belewenis. Daar is meer as dertig eilande oppad met die mooiste seelewe denkbaar. Die reis was ook nie sonder sy uitdagings nie en ons moes soms diep grawe in ons persoonlike bronne.

Tog was dit seker die mees „geestelike“ ervaring in 'n lang tyd. Die geleentheid om te dink oor jou begeertes, waardes, gesindhede en optredes met die tema "ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word" voorop in ons gedagtes, is ons gedwing om ons eie versletenheid te sien. My (Andries hier) hartsbegeerte die afgelope jaar+ is om meer van Jesus se beeld te vertoon as uitvloeisel van sy heerskappy vanuit die kern van my wese. Hoe anders sal ons lig kan wees in die duisternis waarin ons elkeen leef.

Sunette het in Quionga by die Thiarts gekuier en darem twee gesondheidsprogramme deur die verplieër daar kon opneem. Verder kon sy net drie ander onderhoude met die mense op straat daar opneem aangesien hulle die idee gehad het dat hulle betaal moet word vir hulle opinies op die radio. Andries het ook weer die geleentheid gehad om in 'n klein plaaslike kerkie te preek.

Wat aan die kom is

In die tyd wat voorle gaan ons o.a. tydens inbelprogramme praat oor vaders, vlug-

LAUDIUM Outreach Group (LOG)

E-pos van Johan Naude: 4 Mei 2016

Punte vir voorbidding

Dat die Here die DVD's wat vanaf die Biblioteek uitgeneem word, in besonder sal sien. Dis 'n manier om die Evangelie van Jesus tot binne-in die huise van mense te vat, en waar hulle dan ook hul vriende na toe nooi. 'n Grootse manier om die Evangelie te versprei. Bid asseblief dat die Here met mense se harte sal praat deur die DVD's.

Ons dank die Here vir vier nuwe lede wat Hy tot die groep bygevoeg het – Trevor & Erica Plaatjies, en Louie & Ursula Muller. Ons is so dankbaar vir elkeen wat vir ons kom help om hierdie Evangelie-wa deur Laudium te trek.

tellinge, rotte, korrupsie en geregtigheid. Bybelvoorlesings in Kimwani kom in Junie en Julie uit Eksodus en Bybelvertellings en voorlesings in Portugees uit die evangelies.

Huis- en werfnuus

Onthou, ons sal 'n kuier so waardeer. Dankie vir elke mens of groep wat saam met ons deel. Ons het nog nie 'n offisiële stuurspan nie. Laat weet as jy deel wil word van so n groep.

Sankar en sy vrou Premisha het so 'n tydjie terug begin om "straat-kindere" met sy eie karretjie op 'n Vrydag aand te gaan optel en hulle na sy huis te neem, waar hy dan 'n diens vir hulle hou, en ook met 'n etetjie bedien. Dis pragtig om die meelewing van die groep tydens die diens te sien. Die bediening van die Woord, word ook van tyd tot tyd, afgelei deur die vertoning van 'n film – met 'n Evangelie boodskap. Ons bid dat die Here mense se harte sal aanraak deur Sy Gees.

Baie dankie vir julle voorbidding en ondersteuning in die Sending in Laudium.

Mag die Here julle besonderlik sien hiervoor.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen ten opsigte van die "StreetMercy"-projek in Moldawië:

"Yilesa never thought he would support the homeless. Three years ago a leader was needed to manage a Mission Without Borders StreetMercy project in partnership with his local church, Life Spring, in Chisinau, Moldova.

"I thought I would try it for a week or so," he said. "I have to admit that I did not have much empathy for them, but three years later I am still here because when you see them every day you begin to understand the problems they face. After

a few months helping them, I saw the impact.

"I started the project walking the streets, finding the places that the homeless meet, the terrible places where they sleep. I invited them to the church, for a hot meal, and a place to talk. My aims were to help them look after their bodies and for them to learn that only Jesus can change them and only through Him can they find hope.

However, serving the homeless on the streets of Chisinau, one of Europe's poorest capital cities, is anything but easy.

"Every month one of them dies," Yilesa says. "Either through ill health, suicide, or sometimes people on the street kill each other. We read the Bible to them every day, but when they return to the streets they are sucked back in to how they were before."

"The streets are dangerous," **Anatoly**, a homeless man, says, "nothing there is good. The last thing you have will be stolen from you and you will be beaten for it. It is like a jungle, only the fittest survive. But the most dangerous thing is that you get used to it."

Anatoly was born in Chisinau, he went to school and was in the army. He invested his money in a business and lost everything. Thrown out of his home, he has now been on the streets for ten years.

"Coming here and listening to the preacher, I understand that we have a physical and spiritual body. There is nothing spiritual on the streets, only physical suffering. Only when I come here do I receive kindness from Christians."

As a result of Missions Without Borders-sponsors and partnership

with the church, Anatoly receives a hot meal five days a week. There is a shower where he can clean himself, change his clothes and have some of his dignity restored. We provide him with clothes, shoes and help him with any medical needs. The dedicated volunteers at the church are there for him and encourage him to talk and pray for him."

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium
Alta Glas

Alet Briers
012-331 1311
Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.
By voorbaat dank, Sending taakspan